



## **DIE GESKIEDENIS VAN DIE NWKV EN DIE WOLBEDRYF.**

Opgestel deur Leon de Beer, Hoofbestuurder: NWKV.

November 2013.

### **Inleiding**

Navorsing en opgrawings toon dat die mens reeds in 4000 v.C. wol in Babilon (Babylonia) geweef het. Die naam beteken "Land of Wol". Skaapboerdery is, volgens die geskiedenis, die mens se oudste georganiseerde bedryf en skaapherders was die eerste beroep wat binne georganiseerde strukture gevestig is.

Die mens het ook gou besef dat 'n skaap nie doodgemaak hoef te word om die wol te oes nie. Die skaap het ook bygedra dat die mens minder afhanklik van jag geword het om kos te bekom namate die diere vir boerderydoeleindes aangewend is.

Die gedragspatroon van skape om in kuddes agter 'n ram aan te beweeg, is gou deur die mens agtergekom. Gevolglik het die mens ramme geleer om tussen troppe wilde skape in te gaan en soos die Judasbokke van vandag skape te "gaan haal" en na die mens te lei. So is skape oor tyd makgemaak om in die mens se behoeftes te voorsien.

Skape is ook die eerste diere wat in die Bybel by naam van ander diere onderskei word. Daar word minstens 179 keer na skape in die Bybel verwys, wat as bewys dien van die waarde wat skape reeds jare lank vir die mens het! Jakob, Moses en Dawid was almal getroue herders.

Verskeie Afrikagode word ook in die vorm van skape gesimboliseer en skape word as 'n simbool van onskuld gebruik.

Die eerste wolskape het in 1789 in Suid Afrika geland toe die Hollandse Oos Indiese kompanjie twee ramme en vier ooie uit Nederland hierheen gestuur het. Die Merinobedryf is destyds streng deur die Spaanse Regering en het Koning Charles IV van Spanje beheer. Die koning was ook die enigste een wat Merino's landuit kon gestuur het en het 'n paar skape as geskenk aan koning William V van Holland, die Prins van Oranje-Nassau, gegee. Die koue en nat Hollandse klimaat was egter nie baie geskik vir skape nie en Nederland besluit omdie Merino's as 'n eksperiment na Suid-Afrika te stuur.

Die bevelvoerder van die Kaapse Garnisoen in daardie tyd, Kolonel Robert Jacob Gordon, het die Merino's na die regeringsplaas (Groenkloof) geneem wat sowat 35 myl van Kaapstad geleë was – 'n gebied wat vandag as Mamre bekendstaan. Die einste Kolonel Gordon was ook bekend as die pionier wat die Oranjerivier ontdek het en dit na die Huis van Oranje vernoem het.

In 1791 is Gordon versoek om die Merino's terug na Nederland te stuur aangesien Spanje nie hiervoor toestemming gegee het nie. Net ses Merino's is teruggestuur (die aanvanklike aantal na SA uitgevoer is) en die nageslag is gehou.

Hierdie was die beskeie begin van die wolbedryf in Suid Afrika en was Suid Afrika die eerste land buite Europa waarheen Merino's uitgevoer was. Die Setlaars (1820) en Voortrekkers (sedert 1834) het mettertyd wolskape na groot dele van die binneland (Oos Kaap, Vrystaat, Transvaal en Natal) versprei. Die Anglo boere-oorlog van 1899-1902 het groot probleme vir die bedryf veroorsaak toe skaapgetalle drasties afgeneem het. Ná die oorlog is groot pogings aangewend om skaapgetalle weer op te bou.

### **Onstaan van die NWKV**

Die eerste struktuur vir wolprodusente dateer terug na 1831 toe 'n vereniging vir wolprodusente in die Kaap gestig is om die teling en produksie van Merino's te bevorder. In 1906 is 'n Nasionale Vereniging vir Wol- en Bokhaarkwekers in Port Elizabeth gestig en in 1907 die "Dewetsdorp Wool Producers' Association" vir die destydse Oranjerivierkolonie. So is verskeie verenigings oor tyd gestig. In 1918 het die Transvaalse Skaap- en Bokprodusentevereniging tot stand gekom.

Op 24 Mei 1924 het verskeie rolspelers in die stadsaal van Middelburg (Kaap) byeengekom om eenvormige standarde vir die klassering van wol te ontwikkel, wat later deur die wolkongres goedgekeur was. Ander sake wat begin aandag geniet het, het ingesluit die verhandeling van wol per openbare veiling, verpligte dip en wolkompetisies tussen distrikte. Beskrywingspunte rakende wetgewing is ook aan die Regering voorgelê vir oorweging.

Teen 1926 was daar reeds verskeie onafhanklike wolkwekersverenigings in die land wat daartoe gelei het dat die eerste kongres op 26 Mei 1926 in Middelburg, Kaap, gereël is om 'n konstitusie op te stel vir die stigting van 'n Nasionale Wolkwekersvereniging. Volgens rekords was ene mnr. C.E. (Claude) Orpen as die eerste voorstander verkies, T.E. Murray as ondervoorsitter en Gerhard Rood as sekretaris.

'n Volwaardige verteenwoordigende kongres vir wolprodusente is vir die eerste keer op 18 September 1929 in Bloemfontein gehou. Dié datum word erken as die amptelike datum waarop die NWKV van Suid-Afrika formeel gestig is.

Twee belangrike aksies op dié kongres was om die destydse Minister van Landbou te versoek om 'n heffing in te stel op elke baal wol wat uitgevoer word en om 'n Wolraad te stig wat die Minister ko adviseer oor die aanwending van die heffingsgeld.

Die eerste heffing van 1/- per baal is op 1 Februarie 1930 gehef en 'n adviserende Wolraad is in dieselfde jaar aangestel. Hierdie raad se eerste taakopdrag was om die wolprodusente-organisasie doeltreffender te maak, wat daartoe gelei het dat die NWKV amptelik op 6 Januarie 1931 onder 'n nuwe konstitusie herorganiseer is met die volgende doelstellings:

- Om as amptelike spreekbuis van alle wolprodusente in Suid Afrika en die destydse Suidwes-Afrika te dien; en
- Om die wolbedryf te beskerm, te bevorder en te ontwikkel in samewerking met die Wolraad.

Die Springbokkop was goedgekeur as die amptelike handelsmerk van die NWKV.

'n Interessante feit is dat die organisasie in 1931 nog die Nasionale Wolgroeiersvereniging (NWGA) in Afrikaans genoem is, maar volgens notules teen 1932 as die NWKV (Wolkwakers) bekend gestaan het.

Die eerste uitgawe van 'n kwartaallikse publikasie, "The Organised Wool Farmer", is op 25 November 1932 in albei amptelike landstale uitgegee en die Wolraad loods die eerste wolpromosieveldtog "Wear more Wool" in 1932. Hierdie veldtog is in 1937 internasionaal uitgebrei toe die eerste Suid Afrikaanse afvaardiging na die wolkongres in Melbourne, Australië gestuur is.

Die Internasionale Wolsekretariaat (IWS) is in Januarie 1937 in die lewe geroep met die doel om die vraag na wol in die wêreld in stand te hou en uit te brei. Australië, New Zealand en Suid Afrika was die stigterslede. Later het Uruguay en Brasilië ook aangesluit.

In 1946 is wolwetgewing goedgekeur en is die adviserende Wolraad vervang met 'n statutêre Wolraad. Die Suid-Afrikaanse Wolraad is amptelik op 16 September 1946 gekonstitueer en mnr. G.H. Moolman (NWKV-president) was aangewys as die eerste voorsitter.

Die Raad, bestaande uit die voorsitter en agt raadslede, het 'n verdere twee lede gekoöpteer om in die raad te dien. Een van die gekoöpteerde lede was dr. P.J. du Toit, Direkteur van Veterinêre Dienste, wat as tegniese adviseur in die Raad gedien het. Hy was later die eerste nie-wolprodusent wat 'n Goue Ramtoekenning ontvang het. 'n Goue Ram is die hoogste toekenning van die NWKV en word vandag steeds toegeken.

Die eerste uitgawe van die Wolboer/Wool Farmer verskyn in Augustus 1947 as amptelike spreekbuis van die Wolraad. Die Wolraad het in 1952 goedgekeur dat die wolheffing aangepas word sodat boere pleks van per baal eerder 'n heffing volgens die gewig (lb) van alle wol wat die boer instuur, betaal. Die NWKV aanvaar ook die beginsel dat alle produsente wat die heffing betaal voorts ook lid van die NWKV is. Vir die eerste keer sedert die eerste publikasie het alle wolprodusente die Wolboer/Wool Farmer ontvang.

Die Wolkommissie is later gestig met die doel om die vloerpryssstelsel te bestuur en die mark te stabiliseer. In 1972 versoek die NWKV die Regering om die Raad en Kommissie in 'n enkele struktuur saam te voeg en so is die nuwe Wolraad gevestig om na alle aspekte van die bedryf om te sien.

In 1975 het BKB ontstaan toe vier makelaars kragte saamgesnoer het. In die meer onlangse verlede het nog makelaars ontstaan, soos CMW, Lanata, Van Lill, Segard Masurel en Saunders, Bruce en Lappersonne (SBL).

Die NWKV het deurlopend 'n belangrike rol gespeel as spreekbuis van die produsent, maar ook met wolklassering, verpakking en die bemarking van wol. Die NWKV tel onder die oudste bedryfsorganisasies in Suid Afrika en is in die stigtingsjare selfs beskou as 'n bykomende provinsie van die destydse Suid-Afrikaanse Landbou-unie en het dieselfde status geniet as 'n provinsiale landbou-unie. Deur die jare heen het meer bedryfsorganisasies tot stand gekom. Voor die totstandkoming van die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) is alle skaapvleisaangeleenthede deur die NWKV hanteer.

Lidmaatskapstatistiek toon dat daar in 1944 sowat 24 440 lede was (uitgesonderd ramtelers wat afsonderlik gereken is), 31 408 lede in 1971, 24 602 lede in 1986 en 21 005 lede in 1996.

'n Opname het later aan die lig gebring dat slegs sowat 61% van respondenten aangedui het dat hulle via befondsing van 'n statutêre heffing ook lid van die NWKV is. Die NWKV se hoofkantoor is sedert 1987 in Port Elizabeth gesetel, wat vandag nog as die belangrikste sentrum van die wolbedryf beskou word.

Tydens die kongres in Mei 1994 word die volgehoue daling in die NWKV se ledetal oor die voorafgaande vyf jaar bespreek. Die nuwe staatsbestel bied egter groot potensiaal om die ledetal uit te brei na produsente in die opkomende landbousektor en samesprekings hieroor word veral in die kommunale gebiede van die Oos Kaap met wolprodusente gevoer. Sedert 1995 word produsente uit die voormalige Transkei en Ciskei formeel by die NWKV ingelyf. In 1995/96 was daar altesame 182 swart en kommunale lede.

Die nuwe politieke bestel in die land het sedert 1994 groot uitdagings aan die wolbedryf gestel – veral wat betref die hersiening van die Nasionale Bemarkingswet wat in 1996 momentum begin kry het. Die wolbedryf het voorgestel dat die NWKV en die Wolraad in een struktuur saamsmelt en die bates van die Wolraad in 'n trust belê word.

'n Statutêre heffing sou die struktuur befonds. Opbrengste uit die trust sou ook binnelandse dienste, soos produsentedienste, navorsing, inligting en statistiek, bevordering, ensomeer befonds. Verder het 'n opname deur die Universiteit van Pretoria onder leiding van prof G.H. Düvel aangedui dat tweederdes van die produsente ten gunste was van Suid-Afrika se voortgesette deelname aan die IWS.

'n Heffing van 3% vir alle produsente is tydens die NWKV kongres vir die 1995/96-seisoen vasgestel. Dit was die laaste verpligte heffing wat produsente betaal het.

Die dagbestuur het voorts goedgekeur dat twee verteenwoordigers uit die kommunale gebiede sitting op die Sentrale Bestuur verkry met stemreg en die grondwet word dienooreenkomsdig aangepas.

Gerugte het egter die rondte begin doen dat Minister Derek Hanekom nie die voortsetting van die statutêre heffing vir die Wolbedryf wil goedkeur nie, wat uiteindelik gebeur het. Dit het die Wolbedryf genoodsaak om drastiese aanpassings te maak toe alle bemarkingsrade nietig verklaar is en die landbou 'n nuwe bedeling binne gegaan het.

Vervolgens is die Wolraad se bates na die nuutgestigde Woltrust oorgedra en Cape Wools SA (CWSA), 'n Artikel 21-maatskappy sonder winsbejag, is as die uitvoerende arm van die Trust in die lewe geroep. Die Wolforum het alle rolspelers, nl. produsente, makelaars, kopers, arbeid en vroeë verwerkers in een forum byeengebring oor die aanwending van bedryfsbates.

Dit het die NWKV in 'n betreklik benarde posisie gelaat, maar met besonderse leierskap en nuwe denkriktigs is 'n heel nuwe rigting ingeslaan. Outomatiese lidmaatskap vanweë 'n statutêre wolheffing het verval en is vervang met 'n vrywillige lidmaatskap waar ledegeld betaal word volgens die volume van wol wat die produsent lewer.

### **Die NWKV in die nuwe demokrasie van SA.**

Die ledetal van die kommersiële produsente het sedert 1994 'n volgehoue daling getoon, wat ooreenstem met daling in produksie. Tog het daar 'n drastiese toename in die ledetal vanuit die opkomende sektor plaasgevind en het meer as 90% van die kommunale produsente vrywillige en opbetaalde lede van die NWKV geword.

Ledetalsyfers toon dat daar in 2013 meer as 4 300 kommersiële produsente en sowat 756 kommunale skeerhuise (verteenwoordigend van meer as 15 000 individuele produsente) opbetaalde lede van die NWKV was. Swart wolprodusente het in die nuwe bedeling volledig by die strukture van die wolbedryf ingeskakel, van grondvlak af deur die provinsiale strukture tot op nasionale bestuur en die kongres.

Mnr S. K. Makinana word in 2011 die eerste swart produsent om tot nasionale ondervoorsitter verkies te word om kommunale produsente te verteenwoordig. Elliot Nyatsha (NWKV-skeerinstrukteur) en Makinana word in dieselfde jaar ook die eerste swart ontvangers van die Silwerramtoekenning. Swart produsente dien ook in die direksie van Cape Wools SA en is trustees van die Woltrust.

Die NWKV het ook ná 1994 geherorganiseer volgens die nuwe staatsbestel en die provinsiale verdeling is na nege provinsies verander. Provinsiale subtakke word gestig vir die Wes-Kaap, Noord-Kaap, Oos-Kaap, Vrystaat, KwaZulu-Natal en Mpumalanga. Gauteng, Limpopo en Noordwes val onder Mpu produksie in veral Noordwes gestimuleer en word die herorganisering van bediening gereeld evaluateer.

Intussen word die Wolboer as publikasie van die Wolraad deur die NWKV oorgeneem as kommunikasiemedium met produsente, eers in die vorm van 'n nuusbrief en later as koerant wat maandeliks verskyn het. In Februarie 2013 word die koerantformaat vervang met 'n tydskrif wat tweemaandeliks verskyn, asook 'n maandelikse elektroniese nuusbrief.

Die NWKV se nuwe strategiese plan fokus op sy missie om wolskaapproduksie op 'n ekonomiese- en volhoubare manier te bevorder en om meer wol van meer skape te produseer deur die volgende doelwitte:

- Die bevordering van 'n beter markomgewing;
- Verbeterde produksieomgewing deur opleiding en ontwikkeling;
- Beïnvloeding van die politieke- en beleidsomgewing tot voordeel van die produsent; en
- Die uitbouing van die NWKV as produsente-organisasie.

'n Produksie-adviesdiens (wat vroeër deur die Wolraad gelewer is) word sedert 1997 binne die NWKV gevestig wat op kontrak met Cape Wools SA 'n diens lewer aan alle wolprodusente (kommunale en kommersiële boere). Dié diens word befonds word uit die opbrengste van die Woltrust en deur vennootskappe met belanghebbende partye soos nasionale-, provinsiale en plaaslike regeringsinstellings, AgriSETA, finansieringsinstellings, buitelandse befonders, insetverskaffers en private maatskappye.

Skeeropleiding maak 'n belangrike deel van die adviesdiens uit en die NWKV word as geakkrediteerde diensverskaffer by die "Sector Education and Training Authority" vir landbou goedgekeur (AgriSETA).

Hierdie adviesdiens spits hom toe op die volgende:

- Predasiebestuur (opleiding en demonstrasies)
- Ekonomiese ontledings
- Kode vir beste praktyke vir wolproduksie
- Genetiese verbetering
- Infrastruktuurontwikkeling vir opkomende gebiede
- Marktoegang vir kommunale produsente
- Opleiding en mentorskap, met die fokus op skeer, wolklassering, basiese wolproduksie, diergesondheid, teling, seleksie, bestuur, ens.

Groot suksesse word in veral die kommunale gebiede behaal. Waar kommunale produsente by die aanvang van die ontwikkelingsprogram in 1997/98 slegs sowat 222 610 kg wol met 'n waarde van R1 503 miljoen deur die formele mark bemark het, groei dit tot 3 462 miljoen kg wol met 'n waarde van R131,8 miljoen in 2012/13. Indien in ag geneem word dat Suid-Afrika feitlik 98% van die skeersel uitvoer, is hierdie 'n inkomste wat verdien word grootliks uit buitelandse valuta.

Die NWKV se Genetiese Verbeteringsprogram word sedert 2002 in samewerking met die Oos-Kaapse Departement van Landbou en sedert 2011 met die Departement Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming uitgevoer. Ramme geteel binne 'n groep teelskema word jaarliks op 'n ruilbasis ('n kommunale ram geruil vir gehalteram) aan kommunale kuddes beskikbaar gestel. Teen 2013 is daar reeds 33 791 ramme vir dié doel in kommunale kuddes geplaas. Die projek is geskeduleer om tot minstens 2017 voort te duur.

Wol het dus die afgelope twee eeue 'n leue-aandeel in die vestiging en ontwikkeling van landelike ekonomieë in Suid-Afrika gehad en ook tot die totstandkoming van 'n kommersiële bank gelei. Die bedryf is steeds besig om 'n groot bydrae te lewer tot ontwikkeling, ekonomiese groei en werkskepping – iets wat bitter min kommoditeite onder veral ekstensiewe boerdery-omstandighede kan vermag.

Hierdie kleurvolle geskiedenis van die Wolbedryf sedert die 18de eeu en die NWKV sedert 1929 in die besonder is voorwaar iets om op trots te wees.

## **Literatuurverwysings**

Anoniem, 1990. Die storie van wol. Die Suid Afrikaanse Wolraad. Topmedia, Pretoria.

Anonymous. Minutes of the NWGA National Congresses and Executive since 1931 to 2013. Unpublished.

Hanekom, A.J., ongedateerd. The South African Wool Industry. Department of Publications, South African Wool Board.

Havenga, W.J.J., undated. To speak with one voice. Die eerste 60 jaar. Unpublished.

Hanekom, A.J., Van Huyssteen, J.F. en Jacobson, E. (Mrs.), 1970. An illustrated world history of the sheep and wool industry. South African Wool Board, South Africa.

MacKee, W.M., 1913. South African sheep and wool. Department of Agriculture, Cape Province, Union of South Africa.

